# EFÉSIËRS 2:11-22

**TEMA:** **Opgebou tot 'n Woning van God**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 2:11-22

**Efe 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,**
**Efe 2:12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.**
**Efe 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.**
**Efe 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het**
**Efe 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep**
**Efe 2:16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.**
**Efe 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;**
**Efe 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.**
**Efe 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,**
**Efe 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,**
**Efe 2:21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,**
**Efe 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.**

**-o0o-**

### 1. BESNYDENIS

**Efe 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word**

*(A)* Wanneer word ek 'n onbesnede genoem? *Wanneer daar geen bloed is, wat kan getuig van versoening nie.*

- Die Eerste Verbond was die Verbond van die lam, die bloed van die lam (dier) en die besnydenis van die vlees.
- Die Tweede Verbond is die Lam van God (Jesus) wat op die kruis gesterf het. Hierdie verbond is die besnydenis van die hart.

Met ander woorde, die Eerste Verbond verwys na ons as heidene (gentile), omdat daar geen versoening gedoen is nie.

(B) Die Jood wat besny was, die wat in die ou Verbond (Covenant) gestaan het en die van die besnydenis, het die reg gehad om ons "onbesnedenes" en "heidene" te noem, omdat daar geen besnydenis plaas gevind

-o0o-

het nie.  Maar hulle, die Jode, kon alleenlik besnedenes genoem word of in die besnydenis val, omdat ***die besnydenis van die vlees, deur die vlees van die hande verrig was***.

### 2. VERVREEMDING

**Efe 2:12  dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.**

**Efe 2:13  Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.**

*(A)* ***Vervreemd van die burgerskap van Israel,*** met ander woorde, weg en verwyder voor die aangesig van God, want dit was net Israel wat in die Verbond van die besnydenis van die vlees gestaan het.  Die heiden en onbesnedene het geen plek in die Verbond geken nie.

*(B)* ***Besnydenis van die vlees.*** Dit was aan niemand anders gegee behalwe aan Israel nie. En as jy jouself in 'n plek indruk waar God jou nie gekies het nie, mense, dan sê Galasiërs 5 vir jou, as jy die besnydenis aanhang, verwerp jy Christus.

***(C) Vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte. Sonder hoop en sonder God in die wêreld, maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was naby gekom deur die bloed van Christus***

God moes die verbond van die besnydenis met Abraham aangaan, sodat hy grondgebied kon bekom en 'n vrou kon kry om sy saad in te saai. Saad word nie net in die lug in gesaai nie, dit moet in grond gebied gesaai word en daarom is dit in Abraham gesaai. God het herhaaldelik gesê "jou nageslag," daarom sou die Jood dan die versoenings prys oplewer; die vrug oplewer wat die Vader se saad in die aarde gesaai het in die vorm van Abraham. Dit is hoekom Abraham die vader van die **nasies** genoem word en nie net die vader van die nasie nie, want dis juis die vrug van daardie Verbond wat Christus Jesus, voort gebring het.

(D) ***"maar nou in Christus Jesus het julle vroeër ver was naby gekom deur die bloed van Christus".*** Christus is die vervulling van die wet en die profete. Hy het vir ons Sy bloed kom gee.

### 3. VREDE

**Efe 2:14  Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het**

**Efe 2:15  deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep**

- **"*Want Hy is ons vrede*."** Jy sien, ons het in vyandskap met God gelewe as onbesnedene en as heiden, maar nou het Christus versoening kom doen. Dit is die uitreiking van die Vader na die mensdom toe daarom het ons nou vrede, want Hy is ons vrede.

- ***"Hy wat albei een gemaak het in die en die middelmuur van die skeiding afgebreek het".*** Daar was 'n middelmuur gewees wat skeiding gemaak het tussen nie net tussen ons en God nie, maar ook tussen ons en die Jood. Nou sê Paulus, ***"deur dat Hy in Sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het."***

- **Wat is hierdie vyandskap?**

Dit is die wet van gebooie wat uit insettinge bestaan, sodat Hy deur die vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep. Dit is hoekom Christus die vervulling is. Hy is nie 'n voort-ganger nie. Hy sit dit nie voort nie, Hy is die vervulling.

-o0o-

Die “Embrio" het nou Mens geword. Die wet het Mens geword. Die profetiese het Mens geword. Dit wat oor Hom gesê is, wat oor Hom gespreek is, het 'n werklikheid geword. Dit het 'n realiteit geword.

Dit soos 'n vrou wie verskillende bestanddele uit die kas haal, soos meel, eiers, sout om ‘n brood te bak. Sy voeg alles saam vir die brooddeeg. Nou is die eindresultaat van al hierdie dinge wat bymekaar kom vir die brood, soortgelyk soos die wet en die profete. Daar is nou 'n eindresultaat met ‘n einddoel. Jy gaan nie meer praat van die meel nie of eiers nie, jy praat nou van die brood.

Jy moet nou verstaan, dis presies dit. Daarom kan ons nie teruggaan na die ou goed nie, want die ou goed het 'n werklikheid geword. Die wet en die profete het 'n werklikheid geword in Christus Jesus**.**

## 4. VYANDSKAP

***Efe 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep***

***Efe 2:16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.***

Soos in die geval van die brood beskryf, is die bestanddele versoen met die eters. Die vrou het die brood gebak. Die brood lê nou daar. Daar is egter mense wat geen aandeel gehad het aan die al hierdie dinge nie. Die bestanddele het nou brood geword. Nou kan die wat vervreemd was, die wat honger was die wat geen aandeel gehad het nie, naamlik die eters van die brood, kom aansit en hulle kan die brood eet. Alles word alles een; die brood en die eters word ‘n eenheid. Dit is die een-word in Christus.

Paulus verduidelik daar is nou vrede gemaak tussen die twee; een nuwe mens geskep en albei in een liggaam; met God versoen deur die kruis. En dit is presies wat die kruis beteken.

- Die kruis beteken die regop paal as ‘n kenteken van die uitreiking van God na die aarde toe.
- Die kruis staan nie bo op die grond nie, die kruis is in die grond ingeplant, met ander woorde die kruis het wortels kom skiet binne in die aarde in. Hy is gevestig, die evangelie van God; die saad van die Vader is in die aarde geplant. Dis ingevoeg in die aarde, dis standvastig in die aarde.
- Maar dit gaan nie net oor die regop pale nie, dit gaan ook oor die dwars pale. Een is die Jood en die ander een is die heiden.

Jy sien so het ons een geword. (Vers 16) ***"en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap dood gemaak het."*** Die verwydering van hierdie twee partye is nou vernietig deur Christus, sodat ons een kon word. En daarom sê Hy ook in Galasiërs 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

Die Jood kon nie die wet vervul nie, want die wet was soos 'n “galg tou” om die nek van die Jood om die verbond verpligtend te onderhou. Christus Jesus moes egter voor kom uit die Jood uit om sodat ek en jy die evangelie kon kry.

## 5. TOEGANG TOT DIE VADER

***Efe 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;***

***Efe 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.***

Dit verduidelik die weerskante van die kruis. Daar is nie verskillende geeste nie, dis net **een** Gees wat bestaan uit hierdie sewe geeste van God. Slegs een Gees is hier op aarde. Christus het die versoening kom bring.

## 6. MEDEBURGERS

-o0o-

***Efe 2:19  So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,***

***Efe 2:20  gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,***

***Efe 2:21  in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,***

***Efe 2:22  in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.***

**Die Heilige Gees se taak.**

Kom ons kyk wat is sy taak. ***"So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers en heiliges en huisgenote van God."*** Die Here Jesus het gesê: *"in die huis van My Vader is daar baie wonings, Ek gaan om vir julle plek te berei, sodat wanneer Ek kom julle saam met by My kan wees." (Joh 14:2-3).*

Dit het niks te doen met 'n fisiese huis nie.

- Dit is 'n geestelike huis.
- Dit is die  Nuwe Verbond.  Sodat Hy nie meer Skepper (Creator) Elohim hoef te wees nie, maar wel Jehova kan wees; ons verbond God.
- Ons God het vir ons deur Jesus die versoening gebring, sodat ons nie meer verlore mag wees nie, maar nou saam met Israel een kan wees. Want deur Hom het ons albei, die Jood en die heiden, toegang deur een Gees toegang tot die Vader *"as vreemdelinge of bywoners nie, maar as medeburgers"*.   Jy sien ons is nou **medeburgers**. <u>Ons is nou huisgenote in die nuwe Verbond van die Heiliges en huisgenote van God</u>.

**Waarop is dit gebou?**

Gebou op die fondament van die Apostels en Profete. Die fondament is gelê in die Apostels en Profete, terwyl Christus Jesus self die hoeksteen is. Die hoeksteen bepaal die hele alles van die hele huis of die huis vierkantig sal wees of met vlakke gebou. Net so het Hy vir ons 'n perfekte plek kom neerlê; Homself kom neerlê;  Homself vestig, sodat ons op grond van Hom Sy alles kan wees. Jesus is die perfekte hoeksteen, sodat ek en jy net kan voortgaan.

7. **<u>WONING VAN GOD</u>**

***Efe 2:21  in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,***

***Efe 2:22  in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.***

Ek en jy is die "hele gebou, "goed saam gevoeg verrys tot 'n heilige tempel in die Here, opgebou tot 'n woning van God in die Gees",

Jare gelede het God vir my gewys het hoe sal liggies oor die hele aarde te begin brand.  Dit is Sy liggaam, Sy kerk, Sy tempel waarvan Paulus praat. Dis die derde tempel wat nou in hierdie dae opgerig moet word, niks te doen met die tempel wat die Jood gaan bou nie. Dis die geestelike tempel, waar Esegiël van praat, waarin Hy vir ewig sal woon.

Mense ons moet een ding baie mooi onthou,  die Heilige Gees is hier op aarde vir my en jou geplaas om ons terug te transformeer (verander). Satan het ons weg getransformeer, ons persoonlikhede verander, ons lelik gemaak. Satan het ons vieslik gemaak, ons het sonde gedoen. Nou moet die Heilige Gees ons terug verander, Hy moet ons kap en vorm, sodat ons die perfekte boustene kan word in die koninkryk van God – dit is Sy taak.

**DIE GROOT VRAAG.**

Waar staan jy vandag? Hoe lyk jou lewe? Is jy reg? Is jy regtig reg om deel te wees van hierdie van hierdie tempel? As die Here nou Sy bruid kom haal, Sy tempel kom haal, Sy kerk kom haal, Sy gemeente kom haal. Gaan jy saam of gaan jy agter bly?

-o0o-

-o0o-

-o0o-